
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 112, STANGER, 4450/ POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 2419

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

Opgewekte Lewe

E*k oorwin Satan deur die bloed van die Lam en die woord van my getuienis, en ek het my lewe nie tot die dood toe lief nie.*

Lev. 17:11 sê: "**Want die siel van die vlees is in die bloed".** Toe Jesus Sy bloed uitgestort het, het Hy Sy lewe uitgestort. Soos ek dit verstaan, was die lewe van God in die heelal vrygestel. Geeneen kan werklik die volheid van wat dit beteken verstaan nie.

En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag (Joh.6:53-54).

Hou in gedagte dat ons verlossing nog nie volkome is nie tot die opstanding. In **Fil.3:12** sê Paulus: "**Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is".** Dit beteken **"die opstanding uit die dood" (vers 11).**

Sommige mense het die idee dat hulle liggame nie baie belangrik is nie. God sê egter dat ons liggame baie belangrik is – hulle is tempels vir die Heilige Gees. Hulle is "**so vreeslik wonderbaar; wonderbaar is u werke! (Ps.139:14)** God gaan nie ons liggame in 'n toestand van agteruitgang laat nie. Hy gaan hulle opwek met heerlikheid soos die van Jesus. Verlossing is die volle uitwerking van Jesus se offer en dit word volbring deur die opstanding.

Dit wil voorkom asof baie Christene nie die betekenis van Christus se opstanding vir ons, begryp nie. Die kinders van God sal geopenbaar word met die opstanding, die hele skepping wag met afwagting en verwagting daarop. Die bome, seë, riviere en berge wag almal daarop. Dit is buitengewoon dat die skepping so opgewonde is – en dat baie van die kerk so min omgee.

Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe — nie gewillig nie, maar ter wille van Hom wat dit onderwerp het

(Vervolg op bls. 2)

(Vervolg vanaf bls. 1)

— in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God (Rom.8:20-21).

Die hele skepping ly as gevolg van die mens se sonde. Voor die sonde van die mens, was daar geen dorings en onkruid, niks het gesterf of verrot nie. Ons sien ook dat ons nie die enigstes is wat in 'n heerlike opstanding gaan kom nie, maar die skepping ook. God het egter hierdie voorkeur gestel: die skepping kom nie in voordat ons inkom nie. Soos Paulus geskryf het: **"Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe" (Rom.8:22).**

Paulus gebruik dikwels die woorde "ons weet", tog weet meeste van die kontemporêre Christene dit nie. Weet ons dat die hele skepping in barensnood is wagtende op die openbaring van die kinders van God, die geboorte van 'n nuwe era en bevryding van korrupsie?

Jesus het vier keer in **Joh.6**, oor die gelowige gesê: **"Ek sal hom opwek in die laaste dag"** (sien verse **39, 40, 44** en **54**). Opstanding is deel van verlossing.

Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag.Want my vlees is waarlik spys, en my bloed is waarlik drank.Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom (Joh.6:54-56).

Die woorde *eet, drink* en *bly* is in die teenwoordige tyd. "Hy wat aanhoudend My vlees eet en aanhoudend My bloed drink bly in My en Ek in hom."

Dit is baie duidelik dat die Here geweldige belang heg aan die eet van Sy vlees en die drink van Sy bloed. Ek is nie die finale gesag, maar ek glo werklik dat Hy van die Nagmaal praat.

Die belangrikheid van die Nagmaal.
Ons het gesê dat die lewe in die bloed is **(sien Lev.17:11).** As ons die lewe wil hê, moet ons die bloed ons eie maak. Ons doen dit deur Nagmaal te gebruik, asook deur die woord van ons getuienis.

Vir my het die gebruik van Nagmaal uiters belangrik geword. Paulus haal Jesus aan in **1 Kor.11:25**, deur te sê: "**Doen dit so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.** Baie kerke dink dat dit sê: "So selde as julle dit doen." Sommige van die mooiste dienste wat ek ooit bygewoon het was liturgiese Nagmaal dienste, hulle was so mooi omdat hulle vasgehou het aan die werklikheid.

Op 'n tydstip het my man en ek tot die slotsom gekom dat ons nie Nagmaal so dikwels neem as wat ons dit behoort te doen nie. Ons het besluit dat ons elke oggend, gedurende ons tyd met die Here, Nagmaal sou neem. Ek sê nie dat elke Christen dit moet doen nie, maar ek is dankbaar dat ons dit gedoen het. Ons sou gevoel het dat iets uit ons lewens weggeneem is as ons dit nie gedoen het nie.
Elke dag, wanner ons Nagmaal neem, sê ons: "Ons ontvang hierdie brood as U vlees en hierdie wyn as U bloed." Ons doen dit op 'n eenvoudige, bepaalde manier, deur te sê: "Here ons doen dit ter herinnering aan U; ons verkondig U dood totdat U kom." In die Nagmaal het ons geen velede behalwe die kruis nie, geen toekoms maar die koms. Ons doen dit ter herinnering van die kruis

(Vervolg op Bl. 3)

totdat Jesus kom. Laat dit ons verplig om te oorweeg of ons werklik onsself help deur die lewe wat in die bloed is.

Om die volle invloed van die bloed van Jesus te ondervind moet ons weet hoe om Sy bloed toe te eien. Die toepaslike Skrif hiervoor verwys na 'n groot eindtyd konflik wat beide hemel en aarde betrek – die engele van God, Satan en sy engele en God se gelowige mense op aarde. Die stelling is deur God se engele gemaak: "**En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie" (Openb.12:11).**

"*Hulle*" was mense soos ek en jy, gelowiges in Jesus Christus. "*hom*" verwys na Satan. Daar is 'n direkte konflik tussen ons en Satan; daar is niemand tussen-in. Hierdie vers sê vir ons hoe die gelowiges hom oorwin het,verder word hulle beskryf as toegewyd – volkome toegewyd. 'n Toegewyde Christen is die enigste soort wat vir Satan bang maak. Wanneer dit sê **"hulle het tot die dood toe hulle lewe nie lief gehad nie",** beteken dit dat om aan te hou lewe nie hulle eerste prioriteit was nie. Prioriteit nommer een was om getrou aan die Here te wees en Sy wil te doen.

Wanneer ons praat oor "soldate in die Here se weermag," het baie van ons 'n vae en sentimentele idee oor wat dit beteken. Wanneer 'n soldaat in die weermag is ontvang hy nie 'n setifikaat dat hy nie kan sterf nie. Enige soldaat weet dat hy dood gemaak kan word; om diens te doen kan sy dood beteken. Dit is dieselfde in die Here se weermag. Daar is geen waarborg dat ons nie ons lewens sal neerlê nie. Satan vrees die mense wat nie bang is om hul lewens neer te lê nie. Lewe op aarde is in elk geval kort in vergelyking met die ewige lewe in die hemel.

Die Wapens vir Ons Oorlogvoering.
In **Openb.12:7-9** sien ons dat die hemel gesuiwer is van die draak (Satan) en sy engele. Juig, hemel; pasop aarde! Nou is die duiwel reg hier op die aarde en hy weet dat hy net 'n paar jaar het om kwaad te doen en skade te veroorsaak. Dit is vir my duidelik dat hierdie tydperk nou verbind is met alles (of deel) van die sewentiende week van Daniël (sien **Dan.9:21-24).** Dit het 'n bepaalde tydperk – een wat die duiwel, wat 'n student van profesie is baie good ken. Jesus het gesê dat die dae verkort sal word (kyk bv. na **Matt. 24:21-22).** Alhoewel die Bybel in teorie sê drie en 'n half jaar, sal daar ten minste 'n paar "dae" aan die einde minder wees. Dan sal die duiwel gebind en in gevangeniskap in die bodemlose put wees. Die duiwel wil ons in onkunde hou oor hierdie feit, want solank as wat ons in onkunde is, kan ons nie doen wat God vir ons bepaal het nie. God het egter aan ons die geestelike wapens gegee om Satan neer te werp van sy plek in die hemelse.
Want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus (2 Kor. 10:4-5).
Die geestelike wapens wat aan ons gegee is sal ons in staat stel om elke hoë vesting teen God en Sy Koninkryk, teen te staan. Die laaste finale,

vernaamste hoë ding wat God teenstaan is Satan se koninkryk in die hemelse. Aan ons is die wapens toevertrou wat ons in staat sal stel om dit te verslaan: die bloed van Jesus en die woord van ons getuienis.

Bely Geloof

Die Here het my gewys dat baie Christene, as hulle terug kyk na hul verlede, sal erken dat hulle 'n klomp negatiewe belydenisse gemaak het. Jy het dalk gepraat oor wat jy nie kon doen nie of oor jou mislukkings en teleurstellings gepraat. Jy kan egter sien dat ons belydenisse bepaal waarheen ons gaan.

Daar is 'n duidelike voorbeeld van hierdie waarheid in die storie van die twaalf verspieders wat Moses na die Beloofde Land gestuur het. Twee het met positiewe belydenisse terug gekom, tien met negatiewes. Die meeste van die Israeliete het die negatiewe belydenisse geglo. "Ons kan nie." Die positiewe belydenis was "Ons kan dit doen." Al die Israeliete het hulle bestemmings bepaal deur hulle belydenis. Die wat gesê het: "Ons kan nie", kon nie. Die wat egter gesê het: "Ons kan" was in staat om dit te doen.

Jy het miskien negatiewe woorde uitgespreek, stellings wat nie vir Jesus verheerlik het nie of by teleurstellings gebly, wat jou net gebind het aan magteloosheid of mislukking. As ons mislukking bely, sal mislukking ons deel wees. As ons geloof bely, sal God ons deel wees. Bely net aan God: "Here, ek is jammer. Ek het U hande gebind; deur my ongeloof en negatiewe denke. Ek het beperk wat U in my lewe kon doen." Die Skrif sê: **"As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig" (1 Joh.1:9).**

Wanneer jy negatiewe belydenisse verwerp, dank God dan dat jy uit daardie donker, eensame vallei gekom het. Sê: "Ek kan alle dinge doen deur Christus wat my van binne in staat stel". Dit is die letterlike vertaling van **Filippense 4:13.**

SKATKIS

Maar Moses het tot God gespreek: Wie is ek, dat ek na Farao sou gaan en dat ek die kinders van Israel uit Egipte sou lei? En Hy antwoord: Ek sal met jou wees (Ex. 3:11-12).

Moses het sy volkome ontoereikendheid gesien. Die taak het ontmoedigend, geweldig en feitlik onmoontlik gelyk. Hy het baie jare tevore uit Egipte gevlug as gevolg van die moord wat hy gepleeg het en was nie langer 'n man van die paleis nie, maar 'n man van die weivelde. Wie sou na 'n herder luister?

Hy het egter iets vergeet! God sou by hom wees. Vertrouend op die Here se krag, wysheid en mag het van hom 'n krag gemaak waarmee rekening gehou moes word, soos ons reeds weet. Hoe dikwels kyk ons nie na die oproep of die uitdagings voor ons en sien die geweldige groot golf van onmoontlikhede raak nie. Jesus het egter gesê dat **alle dinge vir God moontlik is (Matt. 19:26).** Selfs die eerste ontmoeting met die brandende bos was 'n les van God se genade. Ons mag vure in die gesig staar, maar hulle sal ons nie verteer nie**(Jes. 43:2).** Ons kan vreesloos stap, want God self is by ons, waarheen die pad ons ookal neem. Onwillig, maar nogtans gehoorsaam. Moses het op God se roepstem en opdrag gereageer. Die resultaat; 'n nasie is uit Egipte bevry.

Laat ons ook Jesus se leiding volg, wetende dat Hy met ons is en die brug is oor die golf van onmoontlikhede.

DEALING WITH REJECTION, FEAR AND GUILT

Rejection, fear and guilt are the three spiritual evils most commonly used by Satan to dig deep into our minds, thereby doing his destructive work in our lives. He often uses these three spirits most successfully in his attacks in order to keep us in bondage as we allow them to manifest in us and are thus kept from walking in the total victory, which Jesus Christ has given to each one of us. We have already in past teachings exposed these cruel missiles of Satan and how we can combat them and receive complete deliverance. There are however so many facets to rejection, fear and guilt, that I felt that I wanted to add some practical advice which may be of great help to you. The antidote, of course, always remains the same – FORGIVENESS!

REJECTION

We can justify our many reasons for feeling rejected. Many people suffer from rejection because they were un-welcome from the moment of conception. A mother may have conceived before marriage and contemplated abortion to do away with the unwelcome intruder. It has been established that if a child was unwanted before his birth, he enters this world with that sense of rejection. Such a child may suffer physical problems, but he is more likely to have emotional problems. There is a form of rejection that flows from a situation where parents wanted a son and you happened to be a daughter or vice versa. Their disappointment is felt in the form of rejection, because rejection is a spirit.

I know of a mother who always introduces her daughter as: "This is Ann, our little accident." Then there is the mother who says: "This is John, he was meant to be our daughter.", and yet another example: "This is Joan our laatlammetjie. I was forty when she was born and believe me my husband could have murdered me when he found out I was expecting." Do we ever stand still long enough to think of the pain and/or embarrassment we cause in the heart of a child by thoughtless words, which could remain with him for the rest of his life? "I wasn't planned. My parents did not really want me at all. I was actually a disappointment to them - etc." We could and should ask our Heavenly Father to heal our children, emotionally and spiritually, and make them whole, just as Jesus intended them to be. We should however accept them for who they are, especially regarding those things which cannot be changed, such as their sex, their size and their talents.

Much pain and hurt is experienced when a marriage ends in a divorce. Your husband or wife falls in love with someone else and wants to remarry. When you lose a marriage partner in an accident or through divorce, your whole world collapses, and Satan will use severe rejection to try and overcome you. Just remember, you are never alone! Your Heavenly Father loves you. He knew you before you were born and He tells you this in Psalm 139:13-16. If your childhood was an unhappy one, don't dwell on it, and stop continually blaming your parents and your environment or surroundings for your heartache. Our Heavenly Father says in His Word, that we must forget the past and look to the future. (Philip. 3:14)

You are very special to your Heavenly Father: Jesus would have died on the cross just for you alone, had you been the only person on earth. You are the apple of His eye, and He wants to provide for you in all your needs. He wants to be ALL to you: your father, your family, your friend, your advocate, your provider, your shield. He wants to fill every void in your life with His love. You are very special to your Heavenly Father, and you need to develop a wonderful relationship with Him to experience this truth.

Think about the following scriptures very carefully and seriously and let them wash over your mind. Memorise them, speak them aloud, and use them to resist Satan if he tries to lure you into depression with his suggestions and lies of rejection.

SCRIPTURES CONCERNING REJECTION:
Ps. 139:13-14: 1 Pet. 1:2: Ps. 68:6: Ps. 139:17 & 18.

FEAR

There are very few people who can honestly say that they have never known fear in some form or another. Fear is the most destructive emotion of all, and fear begets fear. Satan builds fear upon fear until his victim comes to the place of being afraid of fear itself, then a vicious circle is formed. Fear is as old as Adam and Eve themselves, and we read in Gen. 3:10 that Adam said to God: **"I heard Thy voice in the garden, and I was AFRAID.."**

We all know of times when we find ourselves in a situation which causes our heart to beat extra fast, our throat becomes dry, and our stomach has butterflies – but those times are usually of short duration. The problem is that when fear becomes severe it impedes one's ability to carry out certain responsibilities and activities. When this occurs, we need to realise that Satan has control and that the fear has developed into an obsession or phobia – of which there are many. There is the old well-known fear that goes back to one's childhood years, the fear of the dentist's chair and his strange instruments. We as parents should explain to our children exactly what the dentist, doctor or nurse is going to do, because the fear of the unknown is usually more frightening than the procedure itself! The parent usually makes some reassuring comment such as: "Don't worry, it won't hurt." This is actually a lie which will result in mistrust. More trust and less fear is built on an explanation which can be understood by the child, such as: "You may feel the prick of the needle, but it is so quick", or "I know that you are a little apprehensive, but I am here with you and the bit of pain you may feel is going to result in you feeling much better in a little while."

When you fear something, admit it. You can say: "I know that I have allowed fear to attack me for years, but because of the Blood of Jesus, I can overcome any fear."
Remember that you can bind any "spirit of fear" in the Name of Jesus, which is the Name above all names – EVEN FEAR!

Very often insensitive adults frighten children badly and unnecessarily with witches or ghosts or "Old Big-Eye", or even by threatening them with public officials such as policemen or the butcher, who are people the child could trust and befriend. Fear of the dark is often implanted deep into a child's mind by careless parents, and this can not only make a child's life unbearable, but also keep him in bondage to fear for a lifetime.
It is not my intention to put a load of blame on the shoulders of parents. Sadly, people often wrongly blame their parents for many problems which develop later in their lives, instead of taking them to their Heavenly Father in the Name of Jesus, who will solve them all and give them life in abundance.

They are often blinded by their problem instead of looking to the "Solver" of that problem. There are, however, a few things against which we as responsible parents must guard and thereby prevent giving Satan, with his destructive fear, a foothold into our children's minds.

Do not expose your children to horrible stories on TV, radio or in books: Keep them away from such things especially whilst they are young. Even so-called "harmless" ghost stories are totally unnecessary for a developing child.
Never ever lock up a child in a small room or cupboard as a form of punishment.
Never punish your child because he is afraid of something (such as the dark) as it will only serve to increase his fear, and in addition give him a feeling of rejection.

Prevent your child from developing a fear of dogs or other animals by teaching him to treat them with respect and to behave intelligently regarding them.

Give him a clear explanation of thunder and lightning so that he is able to admire God's creation and power displayed in them, rather than developing a fear of them. However, teach him to take the necessary precautions in a storm.

Be honest with your child in everything. If you must go away on a trip or keep an appointment, tell him about it and do not just disappear. If your child discovers that you have lied to him, he will lose his trust in you and develop insecurity and fear.

Tell your child often that you love him and never try and shock him into obedience by declaring "You are so naughty, I think I'll just give you away", or "If you do that again, I am not going to love you any more", or "I'll send

you to boarding school."

If your child has a traumatic experience which has led to fear or shock, pray with him immediately and share with him what God's Word says about fear. (2 Tim. 1:7). Do not say, "A big boy like you doesn't cry." Do not mock or tease him about his fear!

If you are groaning under a burden of fear, I want to tell you once again that God loves you very much and He wants to fill you with peace and joy, holy boldness, and trust. He has not created you to be burdened by fear and anxiety in any form, whether it be darkness, sickness, death, failure, crowds, water, animals, insects, snakes, appearing in public, plane trips, lifts or germs. Whatever it may be, you can trust your Heavenly Father and He will free you from that fear!

The following scriptures will build up your spirit-man so that you are able to resist the enemy when he attacks with fear. Write them out and pin them on your mirror, fridge, or wall. Memorise them and speak them out aloud. God's Word is Spirit, and it is Truth and will accomplish that for which it is intended. Your victory comes because God honours His Word. It is up to you to believe His Word and speak His Word in your circumstances.

SCRIPTURES CONCERNING FEAR:

2. Tim. 1:7: **1 John 4:18: Luke 12:32: Isaiah 41:10**: **Isaiah 12:2: Psalm 46:2-3: Hebrews 13:6: Exodus 14:13: Deut. 31:8: John 14:27: Psalm 91: The whole Psalm – read it aloud from time to time.**

Write out these Scriptures and pin them on your mirror, fridge, or wall. Memorise them and speak them out aloud. God's Word is Spirit, and it is Truth, and will accomplish that for which it is intended. Your victory will come, because God honours His Word, which you believe and speak in your circumstances.

FEELINGS OF GUILT

You need to discern whether any feelings of guilt you may have, are unjustified and have been falsely loaded upon you by Satan or are they in fact the result of sinful actions and therefore justified. Always remember that Satan loves to accuse and blame falsely! The following is a guideline to prayer, should you find yourself weighed down with guilt. It is important, however, to repent of and confess to your Heavenly Father any sin you may have committed, which has brought a feeling of guilt upon you, and He promises in 1 John 1:9 to forgive you. **If we confess our sins, He is faithful and just to forgive us our sins, and to cleanse us from all unrighteousness.**

You may need to make right with anyone involved, before praying this prayer, ask your Heavenly Father for wisdom and guidance by His Holy Spirit.

"Heavenly Father, I thank You for Jesus who died on the cross for my sins, guilt and shame. Satan you are bound in Jesus Name and no longer have a hold on me. Father, please free me of all oppressive powers of guilt, shame, self -condemnation, inferiority and unforgiveness.
Please remove all painful memories connected with sins I have committed and mistakes I have made. Please cleanse the deep wounds caused and heal them completely. I lay my guilt at your feet Jesus, be it false or real.

Lord, please help me to leave the past behind me and to look forward to the future with You. Thank you, Lord, for your forgiveness. Please fill me with love and compassion so that I am willing and able to forgive others as you have forgiven me. I forgive all (name them) who are associated with my feelings of guilt, and I choose to forgive myself.

I love you Heavenly Father and I thank you for the gift of your Son Jesus, my Lord and Saviour, who has made this forgiveness possible. Thank you for making me free. Your Word tells me that: "**If the Son therefore shall make you free, ye shall be free indeed". John 8:36.**
I ask this all in that wonderful Name of Jesus, with thanksgiving. Amen.

Rom. 8:1: Ephesians 1:7: Titus 3:5: Hebrews 10:17: Romans 3:23 and 24: Psalm 3:6: .
Psalm 4:8: Psalm 56:4: Psalm 9:5 & 6: Proverbs 3:24-26.

Once again, I exhort you to write out these Scriptures and pin them on your mirror, fridge or wall. Memorise them and speak them out aloud. God's Word is Spirit and it is Truth, and will accomplish that for which it is intended. Your victory over guilt is assured, because God will honour His Word, which you have believed and speak into your circumstances, thereby resisting the devil's attacks and lies.

UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in Jesus,

Wanneer ons, ons hart aan Jesus gee en wedergebore word, word ons 'n nuwe skepsel volgens **2 Kor. 5:17: Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.** Ons het kinders van God geword, wedergebore deur Sy Gees in 'n splinter nuwe lewe, 'n nuwe manier van lewe, 'n nuwe manier om dinge waar te neem, 'n nuwe manier van dink en 'n nuwe manier om met dinge te deel. God verseker ons dat Sy weë nie ons weë is nie, inderdaad sê Hy vir ons dat Sy weë baie hoër as ons weë is daarom moet ons leer om volgens 'n ander stel reëls te leef, Sy Goddelike reëls wat vir die wêreld en die ongeredde, wat nie geestelike kennis of bewustheid het nie, na dwaasheid lyk. In die Geestelike ryk (wat regtig meer werklik is as die fisiese ryk en Ewig is, terwyl die fisiese wêreld eendag sal verby gaan), geld geestelike wette en wanneer ons aan die wette gehoorsaam is, sien ons God se Hand op 'n wonderbaarlike manier vir ons beweeg. Ek sal aan julle 'n paar voorbeelde gee om die punt te illustreer. As iemand jou skielik klap, sal die wêreld se reaksie wees om hom dadelik terug te klap. God se Woord sê egter vir ons om die ander wang te draai. As jy vind dat jy behoeftes het en nie weet wat om te doen nie, sou die wêreld se manier wees om op elke ding wat jy het, te besuinig en te spaar, terwyl God se Woord sê dat as ons gee, dit aan ons gegee sal word, Hy sal voorsien. Die wêreld sê wanneer jy sien kan jy glo, terwyl God se Woord vir ons sê dat wanneer ons eers glo dan sal ons sien.
Daar is baie meer voorbeelde in die Bybel wat voorkom asof dit die manier waarop ons eers gedink het en die manier hoe ons dinge gehanteer het toe ons ongered en nog volgens die wêreld se maniere opgetree het, weerspreek; en dit neem tyd vir ons om te besef dat ons denkwyse moet verander sodat dit in lyn met God se manier van dink kan kom. Die Bybel vermaan ons in **Rom. 12:2: En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.** Wat dit sê is dat ons denke vernuwe moet word sodat dit verander kan word, sodat ons God se weë kan ken, ons sal weet wat goed, en aanvaarbaar vir God se volmaakte wil is. Wanneer ons denke verander is na God se weë en Sy denke, sal ons nie langer met die wêreld se weë en denke ooreenkom nie wat ydel is, sê God. God se weë bring lewe, die wêreld se weë, alhoewel hulle logies mag klink, bring die dood. Hierdie waarheid lees ons in **Spr. 14:12: Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood.** En dit word weer herhaal in Spr.16:25. Die vernuwing van ons denke, sodat ons gedagtes in lyn met God se Woord kom, is noodsaaklik as ons in die Gees wil wandel en oorwinnende lewens wil leef terwyl ons op Aarde is, en veral in hierdie moeilike tye. Ons doen nie vir God enige guns deur 'n kwaliteit besluit te neem om ons denkpatroon te verander om in lyn met Syne te kom nie, ons bewys onsself die guns! Indien ons denke nie verander nie, sal ons gedrag nie verander nie en dit is die kern van die hele saak. Om God se beste in ons lewens te ondervind, en om te sien hoe Sy beloftes 'n werklikheid word, is dit noodsaaklik dat ons beheer oor ons gedagtes neem om dit in lyn te bring met die Woord. Ek weet dat dit nie 'n maklike oefening is nie, ook nie dat ons dit oornag sal bemeester nie, maar wat ek hoop en bid is dat elkeen van ons 'n ooreenstemmende poging sal maak om bewus te wees van wat ons dink en dan daardie gedagtes te ondersoek om te sien of hulle in ooreenstemming met God se Woord is of nie. Dit moet dan 'n lewenswyse vir ons word. Onthou dat jou denke die slagveld van Satan is; dit is in jou gedagtes dat hy sy leuens en bose voorstellings plant, sy versoekings, vrese en ongeloof. Sy doel is om jou geloof af te breek en te kry dat jy aan God se Woord twyfel.
Satan weet dat as hy jou kan kry om sy leuens te glo, hy die oorhand in jou situasie het. Hy begin by jou gedagtes. Beskerm jou denke deur jou gedagtes te beskerm! Dit word gedoen deur elke gedagte wat in jou denke kom wat teenoor God se wil, weë en ewige beloftes staan, te vervang met die WAARHEID van Sy Woord! Red die Land van jou Denke, jy is in beheer daarvan en niemand kan jou verplig om dinge te dink wat in teenstelling met God se wil is nie, die keuse is joune om gedagtes te hê wat lewe bring, na jou en almal rondom jou en eer aan jou Hemelse Vader.
Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is--watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit (Fil. 4: 8).

Onthou die woorde van **Spr. 23:7: Want soos hy in sy siel bereken, so is hy:** omdat jou gedagtes altyd jou handelinge voorafgaan, en jou handelinge bepaal jou lewe, laat ons dus met ons gedagtes begin.

Ons gedagtes van julle is van dankbaarheid aan die Here vir julle aanhoudende gebede, aanmoediging en ondersteuning op elke gebied; dit is gedagtes van liefde en waardering vir jul ondersteuning om ons te help om die Goeie Nuus van die Evangelie van ons Here Jesus Christus na 'n behoeftige wêreld te bring; en dit is gedagtes vergesel van ons ernstige gebede dat die Here julle sal seën en bewaar en dat Sy aangesig oor julle sal skyn en aan julle Sy vrede, blydskap en genesing sal gee vir altyd.

Meg en die Gebedspan